

Wat is aan die gang met goud?

Wêreldwye ekonomiese nuus: September 2011

Deur Kobus Nell, Analis Hulpbronne: STANLIB

Met die goudprys wat kort-kort die hooftrekke van die nuus haal, bekyk ons die faktore wat die goudprys opjaag van naderby, en spekulêer oor wat die toekoms vir Suid-Afrika se gunsteling edelmetaal inhou.

Wat dryf die goudprys?

Die prys van goud weerspieël die vlak van wêreldwye onsekerheid en op die oomblik is die wêreld 'n baie onseker plek.

- Oor die kort tot medium termyn lyk 'n volhoubare oplossing vir Europese soewereine skuldkwessies onwaarskynlik.
- Die Amerikaanse ekonomie sal waarskynlik 'n verdere stimulus in een of ander vorm benodig, wat dui op laer rentekoerse vir 'n langer tydperk en wat terselfdertyd die risiko van inflasie sal verhoog.
- Beleggers is op soek na 'veilige hawe-aankope' en 'beskerming teen papierbate-verdunning'. Die dollar is die wêreld se reserwe-geldeenheid, dus kan Amerika meer dollars druk, aangesien ander lande sal voortgaan om hulle te koop.
- Sedert die draai van die eeu het die skuldvlakke van die ontwikkelde wêreld aansienlik toegeneem, veral in die VSA; en daar bestaan steeds 'n risiko vir die verdere afgradering van die Amerikaanse kredietgradering.

Wat sal die goudprys in alle waarskynlikheid steun?

Hoewel die goudprys oor die afgelope vyf jaar gestyg het, was vanjaar se styging die mees dramatiese. Die vraag ontstaan of die huidige prys volhoubaar is. Die goudprys kan val indien die vraag na goud as 'n belegging afneem, maar in die lig van die volgende is dit onwaarskynlik:

- In die lig van werkloosheid en swak huismarkneigings in die VSA, is dit onwaarskynlik dat die ontwikkelde wêreld rentekoerse sal verhoog.
- Dit is onwaarskynlik dat die Chinese hul rentekoerse verder sal verhoog, aangesien hulle kredietgroei bestuur deur die bedrag te verhoog wat banke as 'n reserwe-vereiste moet hou wanneer geld geleen word.
- Die toenemende beskikbaarheid van goud as 'n beleggingstuig in China sal waarskynlik voortgaan om die vraag na die geel metaal te ondersteun.
- Periferale Europese soewereine skuldkwessies bly steeds 'n probleem.
- Die sterk vraag na goud oor die afgelope drie jaar sal na verwagting tot diep in 2012 voortduur, terwyl sentrale banke goud koop as 'n diversifisering van die Amerikaanse dollar.

Verwag ons 'n goudborrel?

'n Bate-borrel word gevorm wanneer die prys van 'n bate vanweë 'n buitengewone vraag opgedrewe raak, en dit kan deur lae rentekoerse vererger word. 'n Mens sou die standpunt kon huldig dat dit op die oomblik die geval met goud is.

Goud bly egter die primêre magasyn van waarde, ondanks die feit dat dit in die 1970's 'n mate van glans verloor het deurdat die wêreld weggedoen het met die goudstandaard. Die vernaamste argument het

beweer dat goud nie 'n opbrengs lewer nie en daarom geen ander betekenisvolle waarde as in die vorm van juweliersware het nie.

Die negatiewe werklike opbrengs (rentekoerse na inflasie) wat deur korter gedateerde Amerikaanse instrumente gebied word, tesame met die risiko van dollar-depresiasie en die afgradering van Amerikaanse kredietgradering, verander die speelveld ietwat en vereis alternatiewe opsies vir die berging van lande se amptelike buitelandse reserwes.

'n Geskatte 15% - 20% van die wêreld se amptelike reserwes word in goud geberg. Dit is ver verwyder van die 60% wat 30 jaar gelede in goud geberg is. As lande hul goudreserwes aansienlik vermeerder, sal dit die vraag na goud ondersteun en voortgaan om die goudprys te ondersteun.

Sal goud-aandele by 'n hoër goudprys baat vind?

Die aandelepryse van goudmyn-maatskappye het oor die jare aansienlik agter geraak teenoor die prys van tasbare goud namate die koste van die myn van goud gestyg en winste gedaal het.

Die meeste goudmaatskappye geniet baie goeie kontantvloei-opbrengste teen huidige goudpryse, wat in veel beter verdienstes en dividende kan omsit indien die vlakke hou. Dividende en verdienstes is die vernaamste drywers van aandelepryse.

Die huidige rand-goudprys (ten tyde van die skryf van hierdie berig) van \$1 790/oz teen R7.2/US\$ is sowat 26% hoër as die laaste kwartaal. Sommige van die Suid-Afrikaanse goudmaatskappye verhandel tussen 50% - 60% van hul teoretiese netto huidige waardes gebaseer op hierdie lokopryse wat vanuit 'n waardasie-perspektief aantreklik lyk.

Sommige internasionale goudmaatskappye het ook genoem dat hul dividend regstreeks met die goudprys gekoppel sal wees, wat effektief 'n kontantvloei-opbrengs op jou belegging beteken wat jy nie kry deur in tasbare goud te belê nie.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.